Date: 2015-05-29
Page: 17

Nicholls sakekamer se nuwe president

PORT ELIZABETH. – Die president en besturende direkteur van General Motors Sub-Sahara Afrika het nog 'n portefeulje bygekry.

Ian Nicholls is gisteraand as president van die Nelson Mandelabaai-sakekamer verkies.

"Ons moet die basiese goed regkry," het Nicholls ná sy verkiesing gesê. "Ons moet druk uitoefen sodat betroubare, koste kompeterende elektrisiteit, water en ander dienste aan ondernemings verskaf word."

Nicholls, wat sedert 1990 in die motorbedryf is, is 'n geoktrooieerde rekenmeester. Hy het sy BComm-graad aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth behaal.

Die raad, wat vroeër die maand op die jaarvergadering verkies is, het Cumesh Moodliar, die Oos-Kaapse hoof van Investec Private Bank, as eerste vise-president verkies. MC Botha, besturende direkteur by Joubert Galpin Searle, is as tweede vise-president aangezabeth en voorsitter van die Port Elizabeth-tak van die Suid-Afrikaanse instituut vir geoktrooieerde rekenmeesters, is die nuwe ere-tesourier.

■ Die ander raadslede is: Thomas Schaefer (Volkswagen) Philip Nieman (Coca Cola) Rocco Joubert (Eerste Nasionale Bank), Carol Hall (Vodacom), Yasteel Kuseeal (Times Media), Mandla Madwara (Ironman), Kerry Bryans (Umicore), Gary Keen (Tenneco), Saki Macozoma (Volkswagen), Bert Marais (Aspen), Rob Niemand (Labour netto), Patrick Monks (Business Connexion), Vuyokazi Lekhelebana (Work Dynamics), Denise van Huyssteen (General Motors), Andrew Muir (Wildernes Foundation), Gary Paul (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit), Pierre Voges (Madibabaai-ontwikkelingsagentskap), Michael Brockman (NFO Commodity Services), Kevin Hustler (uitvoerende hoof van die Nelson Mandelabaai-sakekamer) en Zoe Walters (Nelson Mandela Baai-sakekamer).

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission